3. SKAARS EN ONGEWONE SOORTE:

3.1. BLOUHAAK OF SWARTHAAK (Acacia mellifera):

Hierdie boom groei stadig maar het pragtige fyn blaartjies.

3.2. ROOI-IVOOR (Berchemia zeyheri):

Die blaartjies verklein pragtig en dit dra oorvloedig vruggies wat blink, bloedrooi verkleur sodra dit ryp word. Dit is egter 'n skaars boom om te bekom.

3.3. BERGSERING (Kirkia wilmsii):

Hierdie boom is baie droogtebestand en het pragtige herfskleure. Dit is veral geskik vir die watervalstyl en lyk ook mooi in die kremetartstyl.

3.4. TRANSVAAL KATJIEPIERING (Gardenia volkensii):

Dit het 'n baie indrukwekkende wit stam en die blaarverkleining is goed.

3.5. KREMETTART (Adansonia digotata):

Hierdie boom groei maklik. Dit het egter individuele sorg nodig tydens oorplanting. Dit is baie belangrik dat geen water in die dornante stadium gegee mag word nie.

3.6. KAREE (Rhus):

Die blare verklein moeilik en vertakking is swak. Terugsterwing vind gedurig plaas.

3.7. NJALABOOM (Zanthocersis zambesiaca):

Hierdie is 'n immergroen boom waarvan die blare pragtig verklein. Vertakking is goed maar dit groei stadig en kweek ongelukkig groter as 30cm.

3.8. SNOTBOS OF SEEPNETEL (Pouzolzia hypolenca):

Dit het nie harde hout nie en vrek maklik terug, tog verklein die blare mooi.

3.9. STERKASTAIING (Sterculia africana):

Hierdie boom is baie soos die Kremetart.

3.10. LAVENTELBOOM (Heteropyxis natalensis):

Dit het mooi herfskleure en vertakking is pragtig.

3.11. TRANSVAAL SAFFRAAN (Cassine transvaalensis):

Hierdie is 'n geharde, immergroen boom.

3.12. SNUIFEUL OF STINKPEUL (Acacia nilotika):

Dit is 'n stadige groeier met die mooiste fyngroei

3.13. TRASSIEBOS (Acacia hebeclada):

Hierdie is 'n baie stadige groeier maar dit het die fynste blaartjies van al die Akasias.

3.14. BUKSBOOM OF BUKSHOUT (Buxus macowanii):

Dit is 'n baie mooi boom maar groei stadig en het geen fyngroei nie.